Selfoontorings in die dorp: Wat sê die munisipaliteit

Die oprigting van selfoontorings in Drakenstein het talle inwoners ontstig en tans is inwoners van Klein Parys en die buurte van Stirling- en Septimusstraat in die Paarl hoogs ontstoke oor torings wat op hul drumpel opgerig gaan word. Kommer heers ook dat die torings 'n gesondheidsrisiko kan inhou.

Volgens die burgemeester Conrad Poole, sal die munisipaliteit egter nie iets goedkeur wat hulle weet inwoners se gesondheid sal bedreig nie. "Uitgebreide, intensiewe navorsing regoor die wêreld kon tot op datum nog geen bewyse vind dat selfoontorings gesondheidsgevare inhou nie. Dié navorsing word ondersteun deur erkende instansies en kundiges. Die nasionale departement van gesondheid het deeglik aandag aan die saak gegee deur die jare en die amptelike mening van die departement is dat selfoontorings en ander soortgelyke koordlose (Wi-Fi) toestelle nie 'n gesondheidsgevaar vir mense inhou nie.

Volgens Poole beveel dié bevinding aan dat munisipaliteite en ander owerhede nie torings kan afkeur vanuit 'n openbare gesondheidsoogpunt nie, omdat alle bestaande navorsing wys dat die torings en antennas nie gevaarlik is nie.

"Ongelukkig is daar baie pseudo-wetenskap veral op die internet beskikbaar, wat op onwaar, nie-geverifieerde en selektiewe navorsing gebaseer is en vals of onvolledige inligting, verkondig as waarheid."

Poole verduidelik dat, soos Drakenstein uitbrei en gebruikers van selfone toeneem, moet die selfoonnetwerk-verskaffers torings en antennas oprig om seker te maak hul kliënte kry ontvangs om hul sellulêre toestelle ten volle te kan benut. Die torings en antennas word opgerig op hoë geboue, onder meer op kerktorings of waar daar oop grond is.

"Alle gebiede binne Drakenstein beskik oor selfoontorings, en addisionele torings / antennas word gereeld bygevoeg om netwerktoegang aan verbruikers te verskaf. Dit is onwaar dat torings net in armer gemeenskappe opgerig word."

Volgens Poole gaan die installering van die torings gepaard met 'n aantal regulasies wat daarop gemik is om die veiligheid van inwoners te verseker. "Dit sluit in die hoogte van die torings, asook riglyne vir die hoeveelheid energie die torings mag uitstraal."

** The Mayor has explained the need for erecting cellphone towers, also saying that broad scientific research has proven that these towers are not a health risk.*

DRAKENSTEIN
MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA WASE

AANSOEK OM HERSONERING INGEVOLGE

DRAKENSTEIN
MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA WASE

APPLICATION FOR REZONING IN TERMS OF